# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ

- In 16 Tale

**Vol. XVII** AUGUST 2023 **No. 02**


### DIE HEILIGE SKRIF

PSALM 103:8-17 Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

8. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.
9. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie.
10. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie,
11. want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.
12. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.
13. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
14. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.
15. Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan:
16. as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.
17. Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte.

## DIE AKORLAAGTE: 'n DEUR VAN HOOP!



Pr. Angeline Selvakumari



Gegroet in die Naam van Jesus Christus. Ek dank God vir sy genade wat ons deur die afgelope 7 maande van 2023 bewaar het. Vir sommige was dit dalk sover 'n geseënde jaar, vir ander nie. Vir sommige was dit dalk die ergste jaar van hul lewens, vir ander dalk die mees produktiewe! Maar ons moet altyd onthou dat God goed is, in elke omstandigheid; wat Hy ook al doen is goed! Hy laat alles ten goede meewerk (die goeie, die slegte en die lelike) as ons die hoop behou, ons vertroue in Hom. In sy tyd sal alles uitloop op 'n seën omdat Hy 'n getroue God en 'n goeie Vader is.

Terwyl ek die boek Josua gelees het, het die gebeure by die Akorlaagte my erg ontstel. Dit is 'n baie hartseer en gewelddadige verhaal. **'n Plek waar Akan en sy hele gesin gestenig en verbrand is; daarom het die Israeliete dit die Akorlaagte genoem.** (Josua 7:25-26).

*....verv. op.bls.* 4




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – 5.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**

Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager
Dr. Rabinder Boaz, M.S.
Bro. K. Puratchivendan

**EDITORIAL BOARD**

Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**



Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**E.mail ID**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


**"Die Here sal julle seën en julle beskerm"**
- Numeri 6:24

## DIE NET BREEK! DIT IS JOU TYD!!

Geliefde kinders van God!

Ons groet julle liefdevol in die onvergelyklike Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Met ons wêreldwye visie wil ons die Evangelie van Jesus Christus oral heen vat deur enige metode. Ons volgende bedienings gaan voort oor die grense heen:

1. **Echo of His Call**-tydskrif in 16 tale via pos en e-pos,
2. Teologiese Korrespondensie kursusse (in Tamil, Engels & Hindi-tale),
3. Kerklike Bedieninge (Hoofkerk en sustergemeentes),
4. **Nehemia Bybelkolleges** (Chepauk & Santhoshapuram – Tamil & Velachery – Hindi),
5. **St. Paul Matrikulasieskool** (Engels Medium),
6. **Echo of His Call**-drukpers,
7. **Echo of His Call** YouTube Kanaal wat elke dag 5 minute Godsboodskappe oplaai 5 vm. in Tamil, Telugu, Hindi en Engels. Sondagboodskappe word ook opgelaai. Daar is ook ander mediabedienings.



*Sommige van die gegradueerde studente saam met Pastoor Sam - 2023*

God gee sy guns vir al bogenoemde bedienings. Dit word bevestig deur ons gebede, bemoedigende woorde en ondersteuning. En terwyl ons hierdie bedienings getrou en eerlik doen, probeer die duiwel ons aanval met listige planne waaroor ons nie openlik kan praat nie. Sal julle vir ons bid hieroor?

Die aksies van ons **Nehemia Bybelkolleges** ontwikkel baie vinnig. Die Here wat ons gehelp het om die Bybelkursusse per pos te begin (Bybelkor) en die Teologiese Korrespondensiekursusse, het nou ook gehelp om nuwe gereelde kursusse aan te bied (Aandklas en Voltyds).



*Nehemia Bybelkollege - Santhoshapuram – Spesiale vergadering*

Die vergadering van die spesiale gaste en teologiese studente van ons **Nehemia Bybelkolleges** is op 4 Junie gehou by ons bedieningskampus in Santhoshapuram, om die Bybelkollege aldaar weer te begin.

Ons het ook biddend besluit om die derde **Nehemia Bybelkollege** te begin in ons Santhoshapuram-kampus waar ons C.Th., Dip. Th. Dn B.Th. aanbied, en ons is aktief daarby betrokke. God se mense kan dalk in hul harte vra: "Waarom 'n nuwe bediening begin terwyl daar reeds heelwat haakplekke en probleme is?" Die waarheid is dat God dit sterk op ons harte druk om 'n nuwe plan te begin. Ons kan nie stilbly nie. Alles sal gebeur soos Hy dit wil.



Ons het net een lewe, en dit gaan gou verby!! Dit is my hartsbegeerte om alles moontlik te doen vir ons Here Jesus Christus.

Ons het reeds meer as 200 voltydse werkers en vrywilligers van God in ons bediening. Hoewel ons werkers en geld kortkom, gaan ons tog voort met hierdie nuwe kollege-plan terwyl ons vashou aan die Bybelvers wat sê: **Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.** (Habakuk 2:4). **"En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie."** (Hebreërs 10:38).



In Lukas 5 lees ons hoe die Here Jesus Christus sy dissipels 'n klomp vis laat vang het ver bo hul vermoë. Hulle net het amper geskeur, so baie vis was daar. Hulle moes hulp vra van ander bote want hulle kon dit nie alleen hanteer nie.

**Hulle wink toe vir hulle maats in die ander skuit om te kom help. Hulle het gekom en albei die skuite so vol gemaak dat hulle amper gesink het.** (Lukas 5:7). Net so het die Here al die bedienings van **Echo of His Call** ryklik geseën met ontelbare wonders en vir ons baie siele gegee as 'n wins.

Ons nooi julle as lesers om te kom kyk na ons bedienings. Kom sien ons bedienaars van God!! Julle sal sien hoe ons geloof in die Here Jesus werk.



Hoewel ons nie 'n gereelde inkomstestroom het nie, onderhou die Here sy mense wat op Hom vertrou, elke dag. Hy is getrou. **Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.** (1 Tessalonisense 5:24).

Ons nette skeur van al die siele. Baie bedienings sonder enige advertensies! Tallose bedienaars van God!! Ons worstel om te bedien!!! Kom werk saam op een of ander manier. Verleen 'n helpende hand aan **Echo of His Call**-bedienings waarvan die nette skeur weens die siele. **Echo of His Call** begin op 10 Augustus sy 55ste jaar. God se ewige guns begelei steeds ons bedienings. Bid asseblief dat ons probleme en moeilikhede gou opgelos sal word. En ondersteun ons.

Doen wat julle kan! Doen waarvoor jy aangespoor word!!

Mag die genade van God met julle wees.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ
& ALEX SAMSON SAM.
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

Die Akorlaagte, wat "moeilikheid" of "ramp" beteken, het toe 'n "deur van hoop" geword. 'n Plek wat bekend was vir mislukking, moeilikheid, dood, vervloeking, vernietiging en teleurstelling ... hoe het dit 'n plek van hoop, nuwe lewe, nuwe begin geword? Ek weet nie hoeveel van julle hier lees nie, maar ek is nou in die Akorlaagte, waar alles dood en verlore is en niks vir my uitwerk nie. Ek wil opgee. Daar is geen rede om aan te hou nie. Ek het probeer. Maar helaas, daar is nie 'n uitkoms nie. Maar ek het vir jou goeie nuus: dieselfde laagte wat 'n simbool van mislukking en vernietiging was, het 'n deur van hoop geword, en ek bid dat dieselfde God jou lewe weer mooi, kleurvol en betekenisvol sal maak. Want Hy is God en Hy kan groot dinge voortbring uit niks.

Kyk eers na die waardevolheid van die Akorlaagte. Daarvoor moet ons die voorafgaande veldslag verstaan. Die inval van Jerigo onder die nuwe leierskap van Josua was 'n betekenisvolle oorwinning vir Josua en die Israeliete. Hoewel ver bokant hul begrip kon hulle tog God se bonatuurlike krag beleef. Die oorwinning was ver bo menslike vermoë. Hulle het gesien hoe God vir hulle veg. En toe hulle die groot oorwinning beleef het, het hulle selfvoldaan geraak, soos ons. Wanneer ons God se seën ervaar, raak ons gemaklik, neig om te vergeet wie die bron daarvan is, ons verlekker ons net daarin, sonder om te besef dat dit vir ons 'n valstrik kan word. Mag ons seën nooit 'n valstrik word nie! En so, na die groot oorwinning oor Jerigo, staar Ai hulle in die gesig, die klein dorpie. Hulle het pas die goed beskermde Jerigo oorwin, so hoe sou die kleine Ai 'n probleem kan wees. Maar hulle het vergeet dat die Jerigo-oorwinning van God gekom het, nie hul eie krag nie. En nou besluit hulle om teen Ai te veg, wat toe 'n ramp geword het.

**Daar het toe omtrent drie duisend man daarheen opgetrek, maar hulle moes op die vlug slaan vir die mense van Ai, en dié het omtrent ses en dertig van hulle doodgemaak. Die mense van Ai het van die stadspoort af op hulle hakke gebly tot by die klipskeure en hulle daar teen die afdraand doodgemaak. Die volk se moed is gebreek** (Josua 7:4-5).

**Die volk se moed is gebreek.** Een oomblik geniet hulle die goedheid van God in die oorwinning oor Jerigo, en dan skielik jaag 'n klein dorpie hulle op

*....verv. op.bls. 6*

## Spesiale Nuus!

1. Ons konvokasie van **Nehemia Bybelkolleges** vir die jaar 2022-2023 is gehou op 3 Junie by die kampus van BKN, Purasawalkam. Twee en twintig studente (seuns & dogters) het grade gekry en is in die bedieningsveld gestuur.
2. In Chepauk en Velachery, Chennai, het die **Nehemia Bybelkolleges** begin werk in Tamil en Hindi vanaf 5 Junie.
3. In ons Santhoshapuramkampus het ons **Nehemia Bybelkollege** in Tamil begin op 3 Julie 2023.
4. Ons **St. Paul Matrikulasieskool** het op 12 Junie begin vir die laer klasse en op 14 Junie vir die hoër klasse. Nuwe studente word toegelaat in die Skool.

**Broers, bid vir ons.** (1 Tessalonisense 5:25).


# NEHEMIA RESIDENSIëLE
## BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

**B-graad in Teologie : Drie Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), ONDERSTEUN (Romeine 12:13) & TE BESPOEDIG (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Augustus 19 Tot 2023 September 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Augustus 19** ➲ Seën om die **Nehemia Bybelkollege** by Santhosapuram weer te begin op 3 Julie 2023.

**Augustus 20** ➲ Seën vir ons om die B.Th. kursus in **Nehemia Bybelkollege** te begin.

**Augustus 21** ➲ Die voorsiening van die nuwe Prinsipaal, Eerw. John Stanley vir ons **Nehemia Bybelkolleges:** Chepauk, Velachery en Santhoshapuram.

**Augustus 22** ➲ Sy leiding in die Sentrale Regering se formaliteite en "e-filing" vir die Registered Newspaper of India (RNI) vir ons publikasies in 16 tale.

**Augustus 23** ➲ Seën vir toegewyde werknemers wat hul werk doen met eensgesinde harte.

**Augustus 24** ➲ Hulp aan Bro. Indrajith Roy vir herstel na sy onlangse siekte.

**Augustus 25** ➲ Seën met vennote wat ons moreel en finansiëel ondersteun.

**Augustus 26** ➲ Seën vir ons 55ste verjaardagvierings gehou op 10 Augustus 2023.

**Augustus 27** ➲ Seën op ons dogters en seuns Jeuggroep by ons Hoofkerk.

**Augustus 28** ➲ Seën op die Outobiografie-werk van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj.

**Augustus 29** ➲ Seën op ons **Nehemia Bybelkollege**-fakulteit en hulle gesinslede.

**Augustus 30** ➲ Seën op ons **St. Paul's Matrikulasieskool** se Hoof en personeel en studente.

**Augustus 31** ➲ Sy guns teenoor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsgenote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hulle gesinne.

**September 01** ➲ Seën op ons bediening met toegewyde Hulpredakteurs wat ons **Echo of His Call**-tydskrifbediening ondersteun.

**September 02** ➲ Seën op ons **Echo of His Call** bedienings met bykomstige ondersteuning van plaatmakers, plaatsnyers, skermdrukkers, ensovoorts.

**September 03** ➲ Beskerming van al ons personeellede en hul gesinne.

### Bid asseblief vir ...

**September 04** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

**September 05** ➲ Ons tegniese werkers soos die drukpersoperateurs, voertuig bestuurders en rekenaaroperateurs.

**September 06** ➲ Rehabilitasie van Christene wat ly as gevolg van aanvalle op hulle.

**September 07** ➲ Toelating van verdienstelike studente vir ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkolleges** vir die 2023-24 akademiese jaar.

**September 08** ➲ Ons medewerkers wat betrokke is in onderrig en vertaling van kursusmateriaal vir ons **Nehemia Bybelkollege**.

**September 09** ➲ Christen Predikers wat die evangelie suiwer en sonder vervalsing verkondig.

**September 10** ➲ Dienaars van God wat tronkbediening doen.

**September 11** ➲ Gefokusde visie om sy Koninkryk op aarde te bou.

**September 12** ➲ Die Jeug- en uitreikbedienings van **Echo of His Call**.

**September 13** ➲ Elke alkoholis en kwaaddoener dat hulle tot inkeer sal kom.

**September 14** ➲ Die seën en beskerming op alle Christelike Organisasies en Kerke.

**September 15** ➲ God se beskerming teen die geweld teen vroue en kinders.

**September 16** ➲ Sy grootmoedigheid om ons Senior Pastoor toe te laat en te seën met die skryf van sy outobiografie.

**September 17** ➲ Voorspoed van **Echo of His Call** gelowiges en hul gesinne wat deel is van die Hoofkerk en dogtergemeentes.

**September 18** ➲ Ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj dat hy geseën word met nuwe visies vir veelvuldige bedienings.

*verv. v. bls.4*

hol, en hulle sit in angs. Joshua weet nie wat aangaan nie, so hy val plat op die grond voor God se ark. Daar is nie 'n beter plek as in die teenwoordigheid van God nie. Wanneer ons staan voor worstelings, gevegte, pyne wat ons nie kan hanteer nie, moet ons leer om by die voete van Jesus te kniel. Maar gewoonlik vergeet ons van hierdie kosbare plek en praat liewer met vriende en familie, predikante – nie dat dit verkeerd is nie – maar die eerste plek is by Jesus. Maria het dit goed geweet! Kniel voor Hom net soos die Kanaänitiese vrou wat by Hom gekom het oor haar dogter se genesing. Jakob het die engel van God vasgehou en gesê hy sal nie los nie tensy hy geseën word. Terwyl jy so lees en dalk iets van God verwag, kom by sy voete! Dis beter om by sy voete te kniel as by 'n mens. En sê dan: “Here, ek gaan nie loop nie totdat U iets in my lewe doen.”

Toe Josua voor die ark van God lê, het God vir Josua gewys wat om te doen om weer God se guns te beleef. Hy moet hom help om die verlore stukkie van die legkaart te kry, die oorsaak van die neerlaag. Liewe Vriende, as jy bid dat God iets in jou lewe sal verander, vra eers: “Here, wat wil U in my verander?” voordat jy vra dat Hy jou omstandighede verander. Die Here het vir Josua gesê: **“Staan op. Hoekom lê jy met jou gesig in die grond? Israel het gesondig ... Daarom kan die Israeliete nie teen hulle vyande staande bly nie ...** (Josua 7:10-12).

God het baie reguit vir Josua die redes gegee vir hierdie katastrofe. Hy het verduidelik dat dit een man se ongehoorsaamheid was wat die hele nasie laat neerlaag ly het. Hy het nie God se instruksies behoorlik gevolg nie. Liewe Vriende, gehoorsaamheid is belangrik om ons lewens op God se rigting te hou. Gehoorsaamheid is beter as offers, maar dan volledige gehoorsaamheid. Gedeeltelike gehoorsaamheid is algehele ongehoorsaamheid! As God van jou iets vra, doen dit, sonder huiwering, sonder twyfel, sonder om te dink aan die gevolge. Doen dit net!

## DIE AKORLAAGTE

### 1. Simbool van Vernedering en Skande!

God se bevel oor Jerigo was duidelik. Hy het gesê: **“Maar weerhou julle van wat aan die Here behoort. Moet niks vat van wat aan Hom behoort en vernietig moet word nie, anders maak julle dat die kamp van Israel self vernietig moet word en bring julle die dood daaroor.”** (Josua 6:18).

Maar Akan het besluit om 'n paar goed wat vir hom mooi was te vat en dit weg te steek. Hy het die krag van God onderskat. En God was regtig kwaad vir Akan! **“Ek het onder die buit pragtige klere uit Sinar gesien en ook sowat twee kilogram silwer en 'n staaf goud van meer as 'n halwe kilogram; ek wou dit baie graag hê en ek het dit gevat. Dit is in die grond in my tent begrawe. Die silwer is heel onder.”** (Josua 7:21).

Akan se keuse en besluit het ernstige gevolge gehad. Dit het groot impak gehad op sy vrou en kinders, soveel dat hulle hul lewens verloor het weens die sonde van hul pa. Sy vrou en kinders is voor die hele nasie gestenig. Dit het skande op hom en sy hele familie gebring.

Alles wat ons in die geheim doen het ernstige uiterlike gevolge. Akan het gedink hy steel en steek weg in die geheim. Maar God het dit geopenbaar, en Akan en sy gesin

NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

Medium : Tamil

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

is gestraf. Laat ons versigtig wees met wat ons in die geheim doen. **God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.** (Prediker 12:14). Vat hierdie kans om vir God verskoning te vra sodat ons kinders nie geraak sal word deur ons geheime aksies nie.

Ons aksies eindig nie by een persoon nie. Dit het 'n groot domino-effek. My keuses, besluite, ongehoorsaamheid sal 'n groot invloed hê op komende geslagte. Maar, dank God vir die kruis op Golgota. **Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.** (Romeine 5:19).

Ek het na die Akan-storie gekyk vanuit sy gesin se perspektief. Wat sou sy kinders en vrou gedink het oor hierdie situasie? Niks is gesê oor hulle deelname in hierdie sonde nie. So kom ons neem aan hulle het nie geweet nie. En mooi oggend word jy uitgesonder deur die hele volk, beskuldig, verneder en tot skande gemaak vir iets waaraan jy nie deel gehad nie, want dit was iemand anders se skuld.

Dalk, terwyl jy hier lees, dink jy dat jy in so 'n situasie is weens iemand se fout. Hoekom moet ek gestraf word daarvoor? Hoe is dit regverdig? Hoekom doen God nie iets daaraan nie?

Maar, Akan se gesin het dalk geweet. Hulle het dalk gesien hy steek iets weg maar bly toe stil daaroor. Ek dink: "Hoekom sal ek omgee?" Dit is bekend as stille medepligtigheid. Ons moet verstaan ons kan nie swyg as dinge teen God se wil gedoen word nie. Ons behoort te staan vir wat reg is.

Israel was skuldig voor God weens Akan se sonde. Net een persoon was ongehoorsaam, maar die hele Israel is verantwoordelik gehou. Maar hoekom straf God 'n nasie vir een man se oortreding? Hoe het sonde in die wêreld gekom? Weens een man se ongehoorsaamheid, en dit het die hele wêreld beïnvloed. Maar dank God een Man (Jesus Christus) se


'n Goeie geleentheid om

**Echo of His Call**

Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.



## Echo of His Call Korrespondensiekursusse slegs vir kandidate in Indië

**BYBELKOR**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

***Skryf aan ons vir besonderhede***

The Chairman, Nehemiah Bible College,

Echo of His Call, Post Box 2957

CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,

Cell : 98410 71852, 95661 31858

E.mail : biblecor@yahoo.co.in



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**

**BANKKODE: 334515**

**REKENINGNO: 905 129 1908**

**TAK: JEFFREYSBAAI**

**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**

**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## GLO HOM VIR WONDERWERKE!




Aan die begin van my bediening in 1971 het ek by die Poskantoor in Chennai aansoek gedoen vir 'n posbus en nommer 2957 gekry. Dit was baie belangrik om my briewe te kon kry want ek het nie 'n permanente adres gehad nie.

Daardie tyd het ek groot finansiële druk beleef omdat ek die bedienings met my maandelikse inkomste gefinansier het. Ek het dikwels honger gely en geldelik moeilike tye beleef. Maar God was by my en ek kom Hom vertrou vir al die behoeftes van my bediening en lewe, en kon sy hand op my sien.

By een geleentheid in 1976 kon ek nie vir die drukwerk van **Echo of His Call**-tydskrif betaal nie. Ek het verskeie dae lank gebid maar niks van God gehoor nie. Die enigste uitweg was om die posbusdiens te kanselleer en die deposito van Rs.500 terug te kry.

So gaan ek toe Poskantoor toe en gee die aansoek vir die Posmeester om my posbus te

## Hy het aan ons gedink in ons vernedering. Aan sy liefde is daar geen einde nie. (Psalm 136: 23.)

kanselleer en die deposito terug te gee. Hy het probeer om my te laat afsien hiervan en verduidelik hoe moeilik dit is om 'n posbus te kry en toe die aansoek vertraag. Ek was baie moedeloos oor my hulpeloosheid. Uiteindelik het hy toe die posbus gekanselleer en die deposito terugbetaal.

Toe ek die Posmeester se kantoor verlaat, het een van die personeel, Mnr. Govindan, my gevra hoekom ek die posbus kanselleer. Ek het toe my moeilike finansiële posisie vir hom verduidelik. Hy het dadelik vir geld gereël en my teruggevat na die Posmeester en gehelp dat ek dieselfde posbus weer kry vir die bediening. En nou gebruik ons nog steeds dieselfde posbus. Prys ons God!

God was altyd getrou in al die op en af van my lewe. Hy het sy engele gestuur om my te help in tye van armoede, siekte en ander behoeftes. Hy is 'n groot God. Dieselfde God kan enige wonder doen in enigeen se lewe, enige tyd. Liewe leser, jy kan Hom ook vertrou vir 'n wonderwerk in jou lewe.

*******

gehoorsaamheid het vir ons redding gebring! Akan se sonde het 'n diepgaande impak op die hele samelewing gehad.

## 2. Simbool van Geheime Sonde!

Akan se ongehoorsaamheid het hom sy sonde laat wegsteek. Niemand het geweet wat hy gedoen het nie. Sy gulsigheid, begeerte, ens. het hom sy lewe en sy gesin se lewens gekos. God weet alles, soos die Psalmis sê in Psalm 139:

**Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.** (Psalm 139:1-4).

Dit het ernstige gevolge as ons sondes wegsteek. Die wegsteekplek sal aan die lig gebring word. **Ek sien alles wat die Israeliete doen, niks is vir My verborge nie, hulle oortredings kan nie vir My weggesteek word nie**. (Jeremia 16:17).

God ken ons geheime. Ons moet dit oopmaak voor Hom. Sy genade is meer as genoeg sodat ons nie soos Akan eindig nie. God ken ons hartsbegeertes. Die innerlike motivering van waarom ons enigiets doen kom in die lig, ook wat in die donker is. As ons weg wil kom van die plek van neerlaag, vernedering en verleentheid, moet ons oopmaak voor God. Wees eerlik met Hom, want ons het die

bloed van Jesus wat vir ons intree en ons was as ons maar net vra.

**Toe sê Akan vir Josua: "Dit is waar. Ek het gesondig teen die Here die God van Israel. Wat ek gedoen het, is dit: ek het onder die buit pragtige klere uit Sinar gesien en ook sowat twee kilogram silwer en 'n staaf goud van meer as 'n halwe kilogram; ek wou dit baie graag hê en ek het dit gevat. Dit is in die grond in my tent begrawe. Die silwer is heel onder." Josua het mense gestuur, en hulle het na die tent toe gehardloop en daar kry hulle toe die goed in Akan se tent, die silwer onder. Hulle het die goed uitgehaal en na Josua en al die Israeliete toe gebring. Toe hulle dit daar voor die Here uitskud,** ... (Josua 7:20-23).

Kom doen selfondersoek. Het ons geheime sondes in ons lewens? Hoe bestee jy jou tyd? Wat doen jy as niemand kyk nie? Watter programme kyk jy op jou foon? Spandeer jy meer tyd op sosiale media eerder as om tyd met God te hê? Het jy 'n geheime lewe? Dit is tyd om openlike gesprek met God te hê. **Wat ons agter geslote deure doen, maak saak! Lees meer in God se woord en bid meer.**

## 3. 'n Simbool van Nuwe Begin en Hoop!

Die Akorlaagte, wat 'n simbool van vernedering, neerlaag, verleentheid, skaamte en dood was, het 'n simbool van nuwe hoop en nuwe begin geword. Dit het die Deur van Hoop geword. Hosea 2:15. Hoe is dit moontlik?

Na Akan en gesin se dood, wat die Here se straf was, het al die Israeliete die Here gesoek in belydenis. En nadat Hy met die sonde gehandel het, was Hy hulle weer goedgesind, nie meer kwaad vir hulle nie. Ja weer eens, ons is so geseënd met die kruis dat ons nie meer straf hoef te ondergaan nie. Wanneer ons ons sonde bely is Hy getrou om te vergewe. **Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte 'n poort na 'n nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het.** (Hosea 2:14). Dit het 'n plek van seën geword.

Terwyl jy hier lees dink jy dalk jy het in 'n doodloopstraat beland; nêrens is 'n uitkoms nie, daar is nie hoop nie, alles om jou is so negatief. Dalk het jy so pas baie neerdrukkende nuus gehoor, jy dink dit is die einde. Punt! My liewe broers en susters, die Here Jesus Christus het in hierdie wêreld ingekom om die onmoontlike moontlik te maak. Hy het 'n dooie baarmoeder laat lewe gee, dooie mense weer opgewek, blinde oë laat sien, waar daar nie meer uitkoms was nie het Hy paaie oopgemaak. Voel jy heeltemal hooploos? Ek het wonderlike nuus vir jou. Die Here sal jou kop weer oplig juis daar waar jy beskaam was. Hy sal jou horing verhoog en jou salf met olie reg voor jou vyande. Maar vir dit om te gebeur, moet ons iets doen. Ons moet eerlik met God wees, erken die dinge wat nie vir Hom aangenaam is nie en vra sy vergifnis en hulp, sodat ons dit nie herhaal en herhaal nie.

Dit is belangrik om jou verhouding met God te herstel. As dit eers reg is, sal God jou punt verander na 'n komma, 'n storie wat sal vervolg met opwindende bladsye wat ons Here sal skryf. Alles wat jy verloor het sal herwin word wanneer jou verhouding met Hom herstel is.

Dieselfde plek (die Akorlaagte), 'n plek van onrus en pyn, sal 'n plek word van rus as jy die Here soek. **Die Saronvlakte sal 'n weiveld wees vir die kleinvee, die Akorlaagte 'n lêplek vir die beeste, vir dié uit my volk wat vra na my wil.** (Jesaja 65:10).

Liewe broers en susters, die tog van die Akorlaagte af na die Deur van Hoop is 'n:

- Reis van vernedering na hoop,
- Van gebrokenheid na die bou van iets nuuts,
- 'n Reis van teleurstelling, neerlaag, wanhoop, dood na 'n heerlike bestemming,
- As ons besluit om ons probleme en moeilikhede te hanteer deur hande te vat met God wat vir ons hoop gee,
- As ons besluit om ons hartseer, ons Akorlaagte 'n leergeleentheid te maak,
- As ons besluit om te sien hoe 'beproewing geduld bewerk, en geduld ervarenheid bewerk, en ervarenheid hoop.' Dit is die volgorde.
- Ons moet leer dat sonder die eerste twee – beproewing en geduld – kan ons nie hoop hê nie.
- Ons moet glo dat Hy ons gelei het en al die tyd by ons was in al die vorige gebeure, en Hy sal ons nie nou alleen los nie.
- Geen teregwysing is 'n aangename ervaring nie, dit is moeilik, pynlik en ontstellend, maar die eindresultaat is gewis 'n seën.

Ek bid dat wanneer jy jouself vandag in God se hande oorgee, Hy meer sal doen as wat jy vra of jou kan voorstel. Mag jou Akorlaagte die Deur van hoop word in Jesus se Naam!

***

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th AUGUST 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**